**6 Julie** **Skrifgedeelte: Matteus 9:35-10:4**
**Fokusgedeelte: Matteus 9:37, 38**

# Bring in die oes!

Een van die hoogtepunte in die vestiging en verkondiging van die koninkryk van die hemele was die openbare optrede van Jesus Christus. Selfs in sy manier van werk het Hy aangetoon hoe deeglik die evangelie verkondig moet word. Hy het niemand oorgeslaan nie; van dorp tot dorp en stad tot stad het Hy gegaan. Jesus se voortdurende sendingywer het aan sy volgelinge gewys hoe die koninkryk uitgedra moet word – met oorgawe en harde werk.

Die uitdra van die evangelie is geen geringe en eenvoudige taak nie. Dit vereis toegewyde ywer en roepingsbewustheid. Daar is gemotiveerde mense nodig vir hierdie reusetaak; mense wat hulle gawes en vermoëns beskikbaar stel. So ’n omvangryke operasie kan slegs slaag as dit deur gebede gedra word. God voorsien in dié nood deur te roep en te stuur. Hy hoor die gebede wat roep: “Laat u koninkryk kom ...!”

Die kerk moet erns maak met hierdie gebede. In Matteus 9:36 sien ons die bewoënheid in die Here Jesus se oë as Hy oor die menigte mense staar. Sy hart gaan uit na hulle, want hulle is herderloos en hulpeloos. Daar moet ook in elke gelowige se hart en oë daardie bewoënheid van Jesus wees.

Dit maak van ons getroue arbeiders wat uitreik en vol opoffering in hierdie wêreld werk om die Here se oes in te bring.

So roep Jesus elkeen ... ook vir u!

*Sing Psalm 66:7* *Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)*